

# 16. Die wonder van die brode

Op 'n dag was Jesus en sy dissipels buite in die veld. Daar was baie mense. Jesus het weer siek mense gesond gemaak. En Hy het vir hulle vertel hoe lief God die mense het. Die mense het die hele dag na Jesus geluister.

Maar toe begin dit donker word. Die dissipels sê vir Jesus: ,,Kyk, dit is al aand. Hier is nie winkels naby nie. Stuur die mense terug. Dan kan hulle gaan kos koop.''

Maar die mense sou baie ver moes loop. En dit was al laat. Toe sê Jesus vir die dissipels: ,,Die mense hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle kos.''

Die dissipels kyk na mekaar. Waar gaan hulle so baie kos kry? Daar is meer as vyfduisend mense! Die dissipels kyk na die baie mense. Toe sien een van die dissipels 'n seuntjie. Die seuntjie het vyf broodjies en twee vissies. Sy ma het dit vir hom saam gegee. Die dissipel roep hom: ,,Sal jy nie jou kos vir Jesus gee nie?'' vra hy. ,,Hy kan dit gebruik.''

Die seuntjie sê: ,,Ja, ek sal dit baie graag vir Hom wil gee.''

Die dissipel gaan na Jesus toe. Hy sê: ,,Hierdie seuntjie het 'n bietjie kos. Maar dit is net vyf brode en twee vissies.''

,,Bring dit hier na My toe,'' sê Jesus. ,,Al die mense moet nou op die gras gaan sit.''

Jesus neem die brode en die vissies. Hy kyk op na die hemel. Hy sê vir God dankie vir die kos. Daarna breek Hy die brode en die vissies in stukke. En toe gebeur daar iets wonderliks. Die broodjies en die vis word meer. En meer. En meer. Die dissipels gee dit vir die mense. Elkeen kry iets om te eet. Daar was so baie kos dat hulle glad nie alles kon opeet nie. Die dissipels moes alles wat oorgebly het, gaan bymekaarmaak. Dit was twaalf mandjies vol.

Matteus 14:14-21

GEBED

Jy kan self vir Jesus sê dat jy Hom liefhet.

